VERKORTE NAGEGAANDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE EN KONTANTDIVIDENDVERKLARING

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

Inkomste ↑ 15.9%

Dividend per aandeel ↑ 10.0%

2011

VOORBEREI ONDER DIE TOESIG VAN DIE GROEP FINANSIËLE DIREKTEUR, RONEL VAN DIJK GR(SA)

HANDELSOORSIG

Spur Corporation het 'n sterker handelsprestasie in die tweede helfte getoon in 'n omgewing van beter verbruikersentiment in Suid-Afrika. Inkomste vir die jaar het toegeneem met 15.9% tot R403.4 miljoen.

Die Spur Steak Ranches handelsmerk het weereens sy uithouvermoë bewys en omset het met 9.9% toegeneem soos die handelsmerk se markaandeel toegeneem het met meer restaurantbesoeke. Groei is aangevuur deur waarde-toevoegende promosieveldtogte en prys-gedrewe reklame wat gefokus het op kontemporêre en humoristiese elemente van die breër Suid-Afrikaanse samelewing.

Spur se baie suksesvolle toetrede tot die ontbytmark, deur die "Spur Unreal Breakfast" veldtog, het 'n addisionele inkomstestroom bygedra en markaandeel van ander nasionale kettinggroepe wat voorheen hierdie mark gedomineer het gewen.

Panarottis Pizza Pasta se omset het met 4.5% toegeneem, soos die herposisionering van die handelsmerk aanklank gevind het by klante. John Dory's Fish & Grill het goed gereageer op die uitdagende handelsomgewing in die hoogs kompeterende vismark en omset verhoog met 9.8%.

FINANSIËLE OORSIG

Konsessiefooi-inkomste in Spur het toegeneem met 10.1% tot R137.0 miljoen, Panarottis met 7.2% tot R11.5 miljoen en John Dory's met 10.6% tot R9.8 miljoen.

Internasionale inkomste, bestaande uit konssessiefooi-inkomste en restaurantomset, het toegeneem met 25.8% tot R116.3 miljoen. Die opening van twee nuwe restaurante (wat een groep-beheerde kleinhandelstak insluit) en die konsolidasie van drie bykomende bestaande restaurante het tot die toename bygedra.

Handelstoestande is steeds moeilik in die internasionale markte waarin die groep werksaam is, veral in die Verenigde Koninkryk en Ierland. As gevolg van die onsekere ekonomiese klimaat het die direksie 'n omsigtige besluit geneem om waardedalings op die groep-beheerde klienhandelstakke in Wandsworth en Gateshead, wat in Augustus 2010 oopgemaak het, in Engeland toe te pas. Die impak van die waardedalings op die groep se wins is R18.5 miljoen. Hierdie restaurante handel tans in 'n neutrale kontantvloeiposisie en bestuur glo dat beide restaurante lewensvatbaar bly. Operasionele- en bemarkingsplanne is geïmplementeer om prestasie te verbeter en omset in beide restaurante vir die afgelope drie maande lyk bemoedigend. Die aanstelling van 'n voltydse hulpbron aan die hoof van die groep se bedrywighede in die Verenigde Koningkryk sal na verwagting help met die verbetering van deurlopende prestasie. Die moeilike handelstoestande het gelei tot die sluiting van die konsessie-restaurante in Newry en Limerick in Ierland gedurende hierdie tydperk.

Die Australiese besigheid het 'n ommekeer ervaar na verlede jaar se konsolidasie en verbeterde winsgewindheid is gerapporteer vir die periode. Die restaurante in Afrika het oor die algemeen goed gevaar en groeipotensiaal blyk steeds positief te wees, alhoewel die groep steeds uitdagings in spesifieke markte ervaar. Sommige beplande restaurantopeninge is uitgestel as gevolg van vertragings met die voltooiing van kleinhandelontwikkelings.

Vervaardiging- en distribusie inkomste het met 16.0% toegeneem tot R109 miljoen. Die groep se vervaardigingsaktiwiteite is gekonsolideer in een fasiliteit in Kaapstad gedurende die eerste helfte van die jaar en die voordele van verbeterde doeltreffendheid behoort gerealiseer te word in die nuwe finansiële jaar. Die Groep gaan voort om die mandjie van goedere wat sentraal aangekoop word uit te brei en om sodoende kwaliteit standaarde te verbeter en beter pryse te beding tot voordeel van konsessiehouer winsgewendheid. Die gebou wat die Johannesburgse vervaardigingsfasiliteit gehuisves het is verkoop vir R16.8 miljoen en 'n gebou in Kaapstad is vir R10.0 miljoen aangeskaf om die groep se dekor vervaardiging en bergingsfasiliteite te huisves.

Die groep se wins voor inkomstebelasting het gedaal met 5.0% tot R116.8 miljoen, wat die impak van die waardedaling van die twee Verenigde Koninkryk restaurante reflekteer. Wesensverdienste het met 0.8% toegeneem tot R85.8 miljoen, met verwaterde wesensverdienste per aandeel wat toegeneem het met 2.9% tot 97.4 sent.

'n Finale dividend van 33.0 sent per aandeel is verklaar, wat die totale dividend vir die jaar bring tot 66.0 sent per aandeel, 'n toename van 10.0% teenoor die vorige jaar.

RESTAURANTUITBREIDING

Die Suid-Afrikaanse restaurantbasis is uitgebrei met die opening van tien nuwe Spur restaurante, sewe Panarottis en drie John Dory's restaurante. 'n Totaal van 25 restaurante is opgeknap en nege is na beter handelsomgewings verskuif.

Internasionaal is 'n nuwe Spur konsessie restaurant in Ezulwini (Swaziland) geopen in die eerste helfte van die jaar.

Die Spur in Belfast (Noord Ierland) is omskep van 'n konsessie tot groep-beheerde kleinhandelstak en die groep het ook die oorblywende 50% aandeelhouding van die Spur in Penrith (Australië) bekom. Die Panarottis restaurant in Mingara (Australië), waarin die groep 'n minderheidsbelang gehad het, is verskuif na 'n beter handelsomgewing in Tuggerah en die groep het nou 'n meerderheidsbelang in die restaurant wat goed handel.

'n Opsomming van die groep se restaurantbasis soos op 30 Junie 2011 is soos volg:

Konsessie-handelsmerk	Suid-Afrika	Internasionaal	Totaal
Spur Steak Ranches	249	31	280
Panarottis Pizza Pasta	52	5	57
John Dory's Fish & Grill	27	-	27
Totaal	**328**	**36**	**364**

VOORUITSIGTE

Die groep beplan om sy belegging in waarde-toevoegende promosieveldtogte saam met verskaffers te vergroot en om voort te bou op die momentum wat behaal is in die ontbytmark. Handelsmerklojaliteit sal versterk word deur die aggressiewe bemarking van die "Spur Family Card".

Verbruikers verkeer opnuut onder druk weens stygende elektrisiteits-, brandstof- en voedselpryse. Konsessiehouers staar inflasiedruk in die gesig as gevolg van hoër salarisse, eiendomsbelasting en dienskostes. Bestuur sal fokus op die streng toepassing van hoë operasionele standaarde en voortdurende aanpassings van die spyskaart om die winsgewendheid van konsessiehouers te bestuur.

Die prestasie van die groep-beheerde kleinhandelstakke in die Verenigde Koninkryk is 'n prioriteit vir die bestuur waaraan dringende aandag gegee word.

In die volgende jaar word 11 Spur, twee Panarottis en twee John Dory's restaurante vir Suid-Afrika beplan, terwyl die voortgesette opknapping- en hervestigingsprogram ook verhoogde inkomste behoort te genereer. Internasionale uitbreiding sal hoofsaaklik fokus op Afrika waar na verwagting nuwe restaurante geopen sal word in Malawi, Tanzanië, Namibië, Nigerië en Mauritius. Die groep sal nie verder in groep beheerde kleinhandelstakke belê in die volgende jaar nie.

KONTANTDIVIDEND

Ooreenkomstig 'n algemene magtiging verleen aan die direkteure by die algemene jaarvergadering gehou op 10 Desember 2010, word aandeelhouers in kennis gestel dat die raad van direkteure van die maatskappy 'n finale kontantdividend van R32.2 miljoen vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 goedgekeur en verklaar het, wat gelykstaande is aan 33.0 sent per gewone aandeel.

Die kontantdividend sal betaal word op Maandag, 10 Oktober 2011, aan die aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 7 Oktober 2011 ("die rekorddatum"), in die maatskappyregister aangeteken is.

Die laaste dag waarop die maatskappy se aandele cum die dividend verhandel mag word met die doel om op die dividend geregtig te wees sal Vrydag, 30 September 2011, wees. Die aandele sal op Maandag, 3 Oktober 2011, ex die dividend begin verhandel.

Aandelesertifikate mag nie tussen Maandag, 3 Oktober 2011, en Vrydag, 7 Oktober 2011, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Vir en namens die Direksie
A Ambor (Uitvoerende Voorsitter) — **Kaapstad**
P van Tonder (Besturende Direkteur) — **7 September 2011**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R'000	Nagegaan jaar geëindig 30/06/11	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/10	% Verandering
Inkomste	**403 396**	**348 024**	**15.9**
Bedryfswins voor finansieringsinkomste	**111 969**	118 549	(5.6)
Netto finansieringsinkomste	**4 861**	4 380	
Wins voor inkomstebelasting	**116 830**	122 929	(5.0)
Inkomstebelasting uitgawe	**(48 742)**	(44 562)	
Wins vir die jaar	**68 088**	**78 367**	**(13.1)**
Ander omvattende inkomste/(verliese):	**860**	(14 093)	
Wisselkoers verskille op die vertaling van buitelandse bedrywighede	**2 406**	(21 719)	
Wisselkoers (verlies)/wins op netto beleggings in buitelandse bedrywighede	**(2 075)**	10 236	
Inkomstebelasting op wisselkoers wins op netto beleggings in buitelandse filiale	**529**	(2 610)	
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**68 948**	**64 274**	
Wins toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die maatskappy	**70 789**	77 557	(8.7)
Nie-beherende belang	**(2 701)**	810	
Wins vir die jaar	**68 088**	**78 367**	**(13.1)**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die maatskappy	**71 648**	63 540	
Nie-beherende belang	**(2 700)**	734	
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**68 948**	**64 274**	
Per aandeel (sent)			
Wesensverdienste	**80.65**	88.27	(8.6)
Verwaterde wesensverdienste	**80.37**	86.25	(6.8)

REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**70 789**	77 557	(8.7)
Wesensverdienste aanpassings:			
Waardedalings van eiendom, aanleg en toerusting	**11 169**	7 994	
Waardedalings van klandisiewaarde	**4 948**	-	
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting (netto van belasting)	**(1 147)**	(484)	
Wesensverdienste	**85 759**	**85 067**	**0.8**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

R'000	Nagegaan op 30/06/11	Geouditeerd op 30/06/10
BATES		
Nie-bedryfsbates	**371 486**	**382 609**
Eiendom, aanleg en toerusting	**70 387**	75 184
Ontasbare bates en klandisiewaarde	**281 477**	279 609
Beleggings en lenings	**5 857**	14 533
Uitgestelde belasting	**11 967**	11 128
Bedryfshuurregte	**1 798**	2 155
Bedryfsbates	**184 477**	**148 116**
Voorraad	**5 621**	6 389
Belasting ontvangbaar	**4 410**	3 600
Handels- en ander debiteure	**58 480**	53 499
Kontant en kontantekwivalente	**115 966**	84 628
TOTALE BATES	**555 963**	**530 725**
EKWITEIT		
Totale ekwiteit	**408 236**	**403 295**
Gewone aandelekapitaal	**1**	1
Aandelepremie	**6**	6
Aandele teruggekoop deur filiaal maatskappye	**(38 941)**	(29 910)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**(4 270)**	(5 129)
Behoue verdienste	**450 507**	434 015
Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy	**407 303**	398 983
Nie-beherende belang	**933**	4 312
AANSPREEKLIKHEDE		
Nie-bedryfslaste	**73 090**	**64 569**
Langtermynlenings betaalbaar	**2 923**	7 181
Werknemers voordele	**555**	-
Ander finansiële laste	**2 627**	-
Bedryfshuurverpligting	**6 531**	3 328
Uitgestelde belasting	**60 454**	54 060
Bedryfslaste	**74 637**	**62 861**
Oortrokke bankrekening	**2 256**	3 596
Belasting betaalbaar	**6 622**	4 832
Handels en ander krediteure	**65 147**	53 969
Andeelhouers vir dividend	**612**	464
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**555 963**	**530 725**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R'000	Nagegaan jaar geëindig 30/06/11	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/10
Bedryfswins voor bedryfskapitaalveranderinge	**144 655**	134 474
Bedryfskapitaalveranderinge	**2 631**	3 394
Kontant deur bedrywighede voortgebring	**147 286**	137 868
Netto rente ontvang	**4 861**	4 948
Belasting betaal	**(41 149)**	(49 528)
Uitkerings betaal	**(54 785)**	(80 708)
Kontanteffek van bedryfsaktiwiteite	**56 213**	12 580
Kontanteffek van beleggingsaktiwiteite	**(23 567)**	(13 574)
Kontanteffek van finansieringsaktiwiteite	**48**	771
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	**32 694**	(223)
Aanpassings vir wisselkoersveranderinge	**(16)**	221
Netto kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	**81 032**	81 034
Netto kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	**113 710**	**81 032**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

R'000	Gewone aandelekapitaal en aandelepremie (netto van tesourie aandele)	Ander reserwes	Behoue verdienste en nie-beherende belang	Totaal
Balans op 1 Julie 2009	**(25 342)**	**29 442**	**430 220**	**434 320**
Totale omvattende (verliese)/inkomste vir die jaar	-	(14 017)	78 291	64 274
Wins vir die jaar	-	-	78 367	78 367
Ander omvattende verliese	-	(14 017)	(76)	(14 093)
Transaksies met eienaars, direk getoon in ekwiteit				
Bydraes deur en uitkerings aan eienaars	(4 561)	(20 554)	(70 184)	(95 299)
Uitkerings aan aandeelhouers	-	-	(53 442)	(53 442)
Impak van aansporingskema (insluitende belasting)	(4 561)	-	(38 507)	(43 068)
Aandeelgebaseerde betalingstransaksies netto van belasting	-	1 211	-	1 211
Oordrag van aandeelgebaseerde betalingreserwe na behoue verdienste	-	(21 765)	21 765	-
Balans op 1 Julie 2010	**(29 903)**	**(5 129)**	**438 327**	**403 295**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**-**	**859**	**68 089**	**68 948**
Wins vir die jaar	**-**	**-**	**68 088**	**68 088**
Ander omvattende inkomste	**-**	**859**	**1**	**860**
Transaksies met eienaars, direk getoon in ekwiteit				
Bydraes deur en uitkerings aan eienaars	**(9 031)**	**-**	**(54 997)**	**(64 028)**
Uitkerings aan aandeelhouers	**-**	**-**	**(54 298)**	**(54 298)**
Impak van aansporingskema (insluitende belasting)	**-**	**-**	**(699)**	**(699)**
Koop van eie aandele	**(9 031)**	**-**	**-**	**(9 031)**
Veranderings van belange in filiale wat nie 'n verlies in beheer tot gevolg het nie	**-**	**-**	**21**	**21**
Aankoop van minderheidsbelang in filiaal	**-**	**-**	**21**	**21**
Totale transaksies met eienaars	**(9 031)**	**-**	**(54 976)**	**(64 007)**
Balans op 30 Junie 2011	**(38 934)**	**(4 270)**	**451 440**	**408 236**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BEDRYFSEGMENTVERSLAG

R'000	Nagegaan jaar geëindig 30/06/11	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/10
Eksterne inkomste		
Vervaardiging en Distrubisie	**109 043**	94 008
Konsessie - Spur	**137 004**	124 411
Konsessie - Panarottis	**11 526**	10 751
Konsessie - John Dory's	**9 782**	8 847
Ander Suid-Afrika	**19 710**	17 554
Totale Suid-Afrikaanse segmente	**287 065**	255 571
Ongeallokeerd - Suid-Afrika	**39**	-
Totaal Suid-Afrika	**287 104**	**255 571**
Verenigde Koninkryk	**65 936**	56 080
Australië	**43 464**	30 013
Ander Internasionaal	**6 892**	6 360
Totale Internasionale segmente	**116 292**	**92 453**
TOTALE EKSTERNE INKOMSTE	**403 396**	**348 024**
Wins/(verlies) voor inkomstebelasting		
Vervaardiging en Distrubisie	**49 633**	44 714
Konsessie - Spur	**118 712**	107 339
Konsessie - Panarottis	**6 837**	6 560
Konsessie - John Dory's	**4 543**	4 567
Ander Suid-Afrika	**(896)**	(691)
Totale Suid-Afrikaanse segmente	**178 829**	162 489
Ongeallokeerd - Suid-Afrika	**(34 022)**	(28 220)
Totaal Suid-Afrika	**144 807**	**134 269**
Verenigde Koninkryk *	**(27 688)**	(12 396)
Australië	**(1 279)**	(1 807)
Ander Internasionaal	**5 226**	5 287
Totale Internasionale segmente	**(23 741)**	(8 916)
Ongeallokeerd - Internasionaal	**(4 236)**	(2 424)
Totaal Internasionaal	**(27 977)**	**(11 340)**
TOTALE WINS VOOR INKOMSTEBELASTING	**116 830**	**122 929**

* Sluit waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting van R13.534 miljoen (2010: R7.994 miljoen) en waardedaling van klandisiewaarde van R4.948 miljoen (2010: Rnil) in.

BYKOMENDE INLIGTING

	Nagegaan jaar geëindig 30/06/11	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/10	% Verandering
Uitgereikte aandele (000'e) (aantekening 2)	**87 214**	87 865	
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e)	**87 777**	87 865	
Verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e)	**88 084**	89 929	
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**97.70**	96.82	0.9
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**97.36**	94.60	2.9
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**468.09**	458.99	2.0
Dividend per aandeel (sent)	**66.00**	60.00	10.0

AANTEKENINGE

1. Oorsigverslag

Die gekonsolideerde staat van die finansiële posisie op 30 Junie 2011 en die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste, die staat van veranderings in ekwiteit, bedryfsegmentverslag en staat van kontantvloei vir die jaar dan geëindig is deur KPMG Ing. nagegaan. Hulle onveranderde gevolgtrekking verslag is beskikbaar vir insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor.

Grondslag van Voorbereiding

Die finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 is opgestel in ooreenstemming met die erkennings en metings beginsels van IFVS, die aanbieding en openbaarmakingsvereistes van IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die AC 500 Standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 2008 en die Johannesburgse Effektebeurs (JEB) se noterings vereistes. Die rekeningkundige beleid en metodes van berekening toegepas in die voorbereiding van hierdie finansiële state is in ooreenstemming met IFVS en is in ooreenstemming met dié wat toegepas is in die voorbereiding van die groep se jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2010.

2. Aandele uitgereik min aandele teruggekoop deur beide 'n volfiliaal maatskappy en aandele aansporingstrust.

Direkteure

Uitvoerende Voorsitter: A Ambor
Besturende Direkteur : P van Tonder
Uitvoerend: M Farrelly, P Joffe, K Robertson, R van Dijk
Nie-uitvoerend: K Getz, D Hyde, M Kuzwayo, K Madders MBE (Brits), M Morojele
Maatskappysekretaris: R van Dijk

Spur Corporation Beperk (Registrasienommer 1998/000828/06)

Aandele Kode: SUR
ISIN: ZAE000022653

Geregistreerde Kantoor: Waterford Mews 1, Century Blvd, Century City, 7441
Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
Borg: Sasfin Capital ('n Afdeling van Sasfin Bank Bpk)

Ons Handelsmerke

www.spurcorporation.co.za

Spur Steak Ranches — A taste for life
Panarottis Pizza Pasta — Big on Family. Big on Pizza.
John Dory's Fish Grill Sushi

18697S PYEJune11/Afr